

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 6 Oktober 2013
Personeelblad van die NWU

**Unieke MIV-
navorsing
wil ma's en
kinders help**

**LovCaSh is
haar passie**



**NWU lewer
Redakteur van
die Jaar op**

INHOUDSOPGAWE

- 2 Wees meer 'sosiaal'
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons mense het groot harte!
- 4 Jou welsyn is ons prioriteit
- 5 MIV: Navorsing bevorder gesonde ma-kind-verhoudings
- 6 Fokus op bedrog en wangedrag
- 7 Prof Rantoa is nuwe 'herder' vir onderrig-leer
Kunsskatte se klein begin lei tot groot gewin
- 8 Hoe groot was jou groot?
- 10 Prof Rikus sê hy weet hoe studente se koppe werk
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 En die wenners is...
- 17 As ek 'n vlieg teen die muur kon wees...
- 18 Ons mense – Prof Shikha bestee
'n bietjie LovCaSh
- 19 Vat hande tot voordeel van die provinsie

ONS WIL VAN JULLE HOOR

Stuur enige idees of kommentaar oor die Eish! na marelize.santana@nwu.ac.za



Voorblad: Prof Shikha Vyas-Doorgapersad glo dat 'n mens deur liefde, omgee en mededeelsaamheid moet genees. Lees meer oor haar gemeenskapsdiensprojek op p 18.

Me Nelia Engelbrecht van die Eish!-redaksie het onlangs die SA Publikasieforum se Redakteur van die Jaar-toekenning ontvang.



Wees meer 'sosiaal'

Generasie Z – die eerste generasie wat met al die voordele van tegnologie gebore is – sal eersdaags die universiteit se klasse volsit. En hierdie generasie se moedertaal is sosiale media.

As gevolg hiervan "leer" hulle anders: deur samewerking en die uitruil van idees. Om te verseker dat die tradisionele universiteit nie uitsterf nie, sal universiteite moet aanpas en verander om hierdie generasie te kan akkommodeer.

Dit is een van die hoofemas wat bespreek is tydens die Amabhubhesi Sosiale Media vir Hoër Onderwys-beraad, wat op 29 en 30 Augustus 2013 in Sunninghill, Johannesburg, plaasgevind het.

Dr Naomi du Plessis van die Vaaldriehoek-kampus was een van die sprekers tydens die beraad.

Haar toespraak het veral gefokus op hoe sy die mobi-platform gebruik om met haar studente te kommunikeer en hoe sy haar lesse aangepas het om in te skakel by die jonger generasie se voorliefde vir die internet, sosiale-media-platforms en samewerking.

Die beste manier om jou studente te bereik is om te wees waar hulle is – en dit sluit sosiale-media-platforms in. Dit is dus belangrik om 'n sosialemedia-strategie binne jou fakulteit of departement te ontwikkel.

Verteenwoordigers van die fakulteite Regte, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe het die beraad bygewoon, sowel as lede van die webspan by die Institusionele Kantoor.

Indien jy hulp nodig het met die ontwikkeling van 'n sosialemedia-strategie vir jou besigheidseenheid, stuur 'n e-pos na mnr Cobus Steenkamp, webbestuurder, Institusionele Bevordering, by cobus.steenkamp@nwu.ac.za vir meer inligting.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die Eish! in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Die laaste kwartaal van 2013 het aangebreek en die akademiese jaar snel ten einde. Neem vir 'n oomblik 'n blaaskans en verlustig julle in nog 'n lekkerlees-uitgawe van Eish!

Terwyl die akademiese program opbou tot die finale eksamen, is ons op institusionele vlak druk besig met die finalisering van die begroting en Institusionele Plan vir 2014.

Ons het reeds besluit dat 2014 'n jaar van konsolidering sal wees in sover dit die bereiking van ons missie raak, en daar moet uiteraard ruimte gelaat word vir 'n visioneringsproses onder leiding van 'n nuwe visekanselier.

Ons selfevalueringsverslag vir die internasionaal geleide evaluering van die NWU wat vir vroeg

volgende jaar geskeduleer is, vorder goed, en ek is persoonlik baie beïndruk met hoe ons as instelling gegroei en verbeter het.

Verder is 'n raadskomitee druk besig met die proses vir die aanstelling van 'n nuwe visekanselier en institusionele registrateur, en ons vertrou dat die proses by die raadsvergadering in November afgehandel sal word ten einde 'n stabiele oorgangproses te verseker.

Baie dankie vir elkeen se harde werk en sterkte met die 2013-pylvak!

Groete

Jhans Eloff



Eish!, ons mense het groot harte!

In hierdie uitgawe van Eish! gee ons iets weer van die grootheid van NWU-personeel.

Lees gerus op p 10 en 11 hoe prof Rikus Fick 'n spesiale plek in sy hart het vir studente, veral dié wat eensaam en kwesbaar is.



Dié dekaan vir studentesake op die Potchefstroomkampus, wat voorheen by die Fakulteit Teologie was, was vir 18 jaar lank ook 'n dominee.

Hy is egter nie die enigste dominee oor wie ons in hierdie uitgawe skryf nie.

Op p 7 vertel prof Rantoa Letšosa, die nuut aangestelde Viserektor: Onderrig-Leer, ook op die Potchefstroomkampus, hoe hy as kind skape opgepas het en ook later as dominee of "herder" van sy "kudde" (sy gemeente) na mense omgesien het.

Sy hartsbegeerte – dat alle kinders, ook dié op plase en in klein plattelandse dorpie, die geleentheid sal kry om te studeer – getuig van 'n groot hart en opregte omgee vir mense. Net so gee prof Shikha Vyas-Doorgapersad om vir mense wat swaarkry.

Lees op p 18 meer oor haar gemeenskapsdiensprojek, Heal Humanity: A Love, Care and Share Initiative, of LovCaSh. LovCaSh, wat prof Shikha in November 2012 saam met twee ander vroue begin

het, reik uit na minderbevoorregte mense in veral die Vaaldriehoek-omgewing.

Ook die Sentrum vir Diergesondheidstudies op die Mafikengkampus reik uit, en wel na opkomende veeboere in die omgewing van die kampus.

Hulle bied maandelikse seminare vir boere aan, en verbeter hul kennis van onder meer veeteelt en die bestuur van kuddegesondheid. Lees meer hieroor op p 12.

In die volgende Eish! sal ons waarskynlik na Kersfees – die tyd van welwillendheid – verwys.

Dis egter verblydend om te sien dat die welwillendheid van NWU-personeel nie seisoengebonde is nie.

Hulle harte is groot en hulle hande reik uit – heeljaar lank.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span



Jou welsyn is ons prioriteit

Alle persoonlike inligting wat jy dus met 'n konsultant deel, word as vertroulik beskou. Dit sal slegs bekend gemaak word as jy 'n toestemmingsvorm onderteken of as die bekendmaking daarvan deur die wet vereis word.

Jy en jou gesinslede kan berading ontvang oor sake soos:

- MIV en vigs
- finansiële advies
- regsadvies
- familiesake
- trauma
- stres
- middelmisbruik
- werkverwante sake

Alhoewel WBP staan vir werknemerbystandsprogram, strek dit ook tot voordeel van bestuurders.

Bestuurders en toesighouers sal deur middel van die WBP toegang hê tot verskeie hulpbronne, bestuursinstrumente en konsultasiedienste.

Dit sal hulle in staat stel om werkverwante probleme op te los en ander aangeleenthede rondom werknemers se werksprestasie en persoonlike probleme aan te spreek.

WERK-LEWE-BALANS

Benewens die WBP-dienste bied Wellness4U ook oplossings wat werk-lewe-balans betref. Dit bied aan werknemers toegang tot dienste soos:

- hulp vir die hele gesin met mediese noodgevallen, noodsituasies tuis, of wanneer hulle op pad is
- huiswerkhulp vir hulle kinders
- 'n gemiddelde besparing van 20% op 'n wye verskeidenheid produkte en dienste
- reis- en verblyfpakkette teen afslagpryse

PERSENEEL IS POSITIEF

“Sedert die bekendstelling in September word verskeie inligtingsessies regoor die vier besigheidseenhede gehou om Wellness4U bekend te stel,” sê me Helen Mogorosi, Direkteur: Mensekapitaalontwikkeling.

Volgens Helen is personeellede baie positief oor hierdie nuwe ontwikkeling. Hulle sien dit as 'n bonus wat waarde tot die bestaande dienste toevoeg.

“Ons is baie opgewonde oor hierdie byvoeging tot ons dienste en glo dat dit ons almal sal help om ons werks- en persoonlike lewe beter te balanseer,” sê sy.

“Ons personeel dra 'n noodsaaklike deel by tot die sukses van die NWU, en dit is ons plesier om die voordele wat hulle verdien, aan hulle te verskaf.”

Die volgende immer-gewilde dienste sal steeds gelewer word:

- ID- en paspoortaansoeke
- Aansoeke vir internasionale bestuurspermitte
- Hernuwing van motorvoertuig-, slaapwaentjie-, karavaan- en motorfietslisensies

HOE MAAK EK VAN WELLNESS4U GEBRUIK?

Jy kan van die Wellness4U-dienste gebruik maak deur die volgende te doen:

- Skakel 0800 000 119, die tolvrye nommer wat 24 uur per dag, sewe dae per week operasioneel is.
- Gaan na die NWU-intranet, klik op Mensekapitaal en dan op Gesondheid en Welstand – die skakel na Wellness4U is op dié bladsy.

Met behulp van twee eksterne gesondheids- en welstandsdiensverskaffers kan Mensekapitaal nou aan alle NWU-personeel beter en meer uitgebreide gesondheids- en welstandsdienste verskaf.

Volgens mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal, is die diensverskaffers aangestel om aan personeel 'n groter verskeidenheid programme en dienste te lewer om hul emosionele, fisiese en professionele welsyn te ondersteun en hulle te help om hul volle potensiaal uit te leef.

MEER DIENSTE

Die NWU se gesondheids- en welstandsprogram wat nou bekendstaan as Wellness4U, is onlangs bekend gestel. Dit behels 'n werknemersbystandprogram asook oplossings wat werk-lewe-balans betref.

WERKNEMERBYSTANDSPROGRAM (WBP)

Die WBP is 'n gratis, vertroulike diens wat ontwerp is om NWU-werknemers en hulle onmiddellike gesinne in aanraking te bring met ervare professionele persone wat berading vir persoonlike, gesins- en werkverwante probleme verskaf.

Werknemers kan op hul eie diskresie die WBP-konsultante kontak, met die wete dat alle inligting vertroulik sal bly.

Alle WBP-rekords en -dienste word met die strengste vertroulikheid hanteer en werknemeridentiteit word deur die wet beskerm.

MIV: Navorsing bevorder gesonde ma-kind-verhoudings

Die navorsing van 'n lektor en kliniese psigoloog van die NWU sal uiteindelik tot die verbetering van die lewens van MIV-geaffekteerde gesinne bydra.

In die hedendaagse samelewing waar gebroke lewens algemeen voorkom en die gevolge van MIV gesinslewe verder bemoeilik, doen mnr Ruan Spies van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe op die Potchefstroom-kampus baanbreker-navorsing.

Sy studie, *The phenomenon of HIV-related psychosis in mothers and its role in mother-child attachment*, is daarop gerig om MIV-positiewe moeders te help om 'n gesonde gehegheids-verhouding met hul kinders te optimaliseer.

Die Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland, het aan hom 'n gesogte doktorsale beurs toegeken vir hierdie navorsing.

Die feit dat Ruan uit baie aansoekers gekies is, bewys dat sy navorsing nie net nasionaal belangrik is nie, maar ook internasionaal.

SKOKKENDE SYFERS

Sy navorsing is uiters belangrik as in ag geneem word dat 'n verbysterende 5,26 miljoen mense in Suid-Afrika MIV-positief is. Die hoogste voorkoms is onder jong vroue, waarvan die meeste ma's is.

Ruan sê tot 15% van MIV-positiewe persone sal waarskynlik simptome van psigose ontwikkel.

Dit beteken dat hulle weens hallusinasies soms kontak met die werklikheid sal verloor. "Hierdie tipe verskil van ander psigose en word aange-wakker deur vrese oor die lot van afhanklikes na die sieke se afsterwe."

Hy het ses hospitale en nege klinieke in Noordwes, Gauteng en KwaZulu-Natal besoek. Altesame 86 persone het aan die navorsing deelgeneem. Hy moes ongeveer 20 ure aan elke deelnemer afstaan gedurende die insame-ling en analise van die data.

Die navorsing fokus op vroue wat met psigose wat deur MIV veroorsaak is, gediagnoseer is, veral die ma's van kinders tussen die ouder-domme van twee tot agt jaar.

MOEDER-KIND-GEHEGTHEID

"Ek neem die verhouding van gehegtheid tussen hierdie moeders en kinders waar."

Ruan sê volgens die gehegtheidsteorie is 'n gesonde verhouding tussen ouers en kinders van uiterste belang omdat dit die kind se oorlewing verseker en ouerfigure aanspoor om in die kind se fisiese en emosionele behoeftes te voorsien.

Die mate waarin die versorger in die kind se behoeftes voorsien lê 'n spesifieke soort gehegtheid vas wat op 'n later stadium in die kind se persoonlikheidsontwikkeling belangrike implikasies het.

WAARDEVOLLE NAVORSING

Prof Esmé, medeprofessor en psigoloog op die Potchefstroomkampus, sê die belangrikheid van Ruan se navorsing blyk duidelik op twee vlakke. Dit maak eerstens 'n bydrae tot MIV-erwante navorsing en gee tweedens waardevolle insig aangaande die gehegtheid tussen ouers en

kinders. "Daar is baie navorsing oor MIV maar baie min oor die kombinasie van MIV en studies oor gehegtheid," sê sy.

DIE WYER PERSPEKTIEF

Prof Esmé sê net 30% van kinders in Suid-Afrika is bevoorreg genoeg om groot te word met beide ouers se aktiewe teenwoordigheid in hulle lewens. Dit is grootliks te wyte aan MIV-erwante sterftes, egskedding en migrasie van ouers ter wille van werksgeleenthede.

Volgens haar veroorsaak die afwesigheid van primêre gehegheidsfigure in die samelewing dat patologiese gedrag toeneem. Dit het 'n veranderende (mutterende) uitwerking en word van geslag tot geslag oorgedra.

"Ruan se navorsing help ons om ingrypings te formuleer om 'n einde te maak aan die veranderende aard van patologiese gedrag wat deur ontwrigte gehegheidsverhoudings veroorsaak word."



Mnr Ruan Spies, senior lektor en kliniese psigoloog van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, se studieleier op die Potchefstroom-kampus is prof Esmé van Rensburg, medeprofessor en psigoloog op die selfde kampus.



Bedrog en wangedrag

Na aanleiding van onlangse insidente van bedrog en wangedrag het die interne ouditspan van die NWU 'n werkwinkel oor bedrog en wangedrag aangebied. Die span het met Eish! gepraat oor die slag-gate wat tot wangedrag en uiteindelik ellende en vernedering vir skuldige werknemers kan lei.

Stel jou voor om die uitspraak te hoor: "Skuldig!" Die besef dat 'n loopbaan verby is sink in, 'n vlekkelose persoonlike rekord is nou vir ewig as krimineel gebrandmerk.

Daar is geen omdraaikans nie; wat voorlê is teleurgestelde familielede, ontnugterde kollegas, 'n onseker toekoms en die moontlikheid van tronkstraf.

V: Wie moet ekstra oplettend vir die moontlikheid van bedrog wees?

A: Enige persoon in 'n bestuurs- of toesighoudende posisie moet altyd ten volle bewus wees van wat in hulle departemente aan die gang is.

Hulle moet nooit enige iets onderteken sonder om presies te weet wat dit behels nie. Die verantwoordelikheid berus nietemin by elkeen – by bestuurders én werknemers.

V: Wat is die kenmerke van 'n tipiese bedriër?

A: Statistiek toon dat dit gewoonlik 'n enkelouer is. Hulle is byna sonder uitsondering tussen 36 en 45 jaar oud en hulle werk hou verband met finansies.

In baie gevalle beklee hulle senior bestuursposisies of voer hoogs vertroulike finansiële take uit. Hulle is ook feitlik altyd werknemers wat langer as 10 jaar aan die organisasie verbonde is.

Hulle verstaan die stelsels en prosesse en werk kop in een mus met ander oortreders.

V: Wat motiveer mense om bedrieërs te word?

A: Daar is baie redes, insluitend druk, behoefte en hebsug. Geleentheid, bedoeling en

gebrek aan beheer bevorder hierdie gedrag. In vorige gevalle het bedrieërs ook daarop aanspraak gemaak dat hulle dit vir hul kinders of siek geliefdes gedoen het.

V: Hoe regverdig bedrieërs hulle optrede?

A: Hulle oortuig hulself dat hulle net leen en die bedoeling het om wat hulle ook al neem, terug te betaal. Dit gebeur natuurlik nie en hulle raak kort voor lank in 'n bouse kringloop vasgevang waaruit hulle nie kan wegbreek nie.

V: Op watter waarskuwingstekens moet bestuurders let?

A: Een van die tekens is oorbesteding op 'n spesifieke aktiwiteit of oorbesteding teen uitgawes waarvoor begroot is.

Ander is wanneer werknemers 'n lewenstandaard handhaaf wat onverklaarbaar hoog is in verhouding tot hulle salaris, of wanneer hulle ernstige finansiële nood ervaar.

Meer waarskuwingstekens is onvoldoende dokumentasie of dokumentasie wat verdwyn of vernietig word.

Enige wysigings, asook onvolledige dokumentasie of fakture wat in Word of Excel ontwikkel of handgeskrewe is, moet ook met behoedzaamheid beskou word.

Bestuurders moet bewus wees van werknemers wat nooit verlof neem nie of wat onwillig is om hul werk vir kollegas toeganklik te maak.

Werknemers wat te veel prosesse in die stelsel beheer, byvoorbeeld prosessering asook toesighouding, hou ook risiko's in.

Bedrieërs is ook geneig om slordige of onvoldoende finansiële beheer uit te oefen en rekening nie transaksies aan die einde van die

maand nie, om so die moontlikheid om betrap te word, te verminder.

V: Wat kan gedoen word om bedrog en wangedrag aan bande te lê?

A: Bestuurders en toesighouers moet transaksies en dokumentasie opvolg. Indien jy vir aankope of oordrag geteken het, verwys altyd daarna terug en maak seker dat die betrokke goedere of dienste werklik gelewer word.

V: Waarvoor moet bestuurders en werknemers veral versigtig wees?

A: Elektroniese betalings moet noukeurig nagegaan word om seker te maak dat die bankbesonderhede korrek is. Bewyse van betaling kan maklik verander word.

Ander moontlike geleenthede vir bedrog is kontantvoorskotte en kleinkas. Maak seker dat die datums van die ondersteunende fakture altyd binne die periode van die voorskot val.

Daar is nooit 'n verskoning vir bedrog of wangedrag nie. Wat die rede ook al is, dit moet nooit 'n keuse wees nie!

Werkwinkel oor bedrog gehou

Die werkwinkel, wat op 3 Oktober 2013 vir bestuurders en werknemers aangebied is, het gefokus op die profiel van bedrieërs en oortreders, die verklikkers van moontlike bedrog, en die gevolge en voorkoming daarvan.

Die interne ouditspan is op die oomblik besig om verskeie sake te ondersoek en spoor bestuurders en werknemers aan om oplettend te bly en ongerymdhede aan te meld.

Prof Rantooa is nuwe 'herder' vir onderrig-leer

As jong seun het prof Rantooa Letšosa skape opgepas en as dominee was sy gemeente later sy kudde.

Vandag, as nuut aangestelde viserektor van die Potchefstroomkampus, is hy die "herder" van onderrig-leer op dié kampus.

Prof Rantooa, wat sedert 1 September 2013 sy nuwe pos bekleed, is vasberade om 'n verskil in mense se lewens te maak. Hy sê dit is sy hartsbegeerte dat alle jongmense die geleentheid kry om te studeer, selfs dié op plase en klein dorpie. "Met die hulp van hedendaagse tegnologie is dit seker nie onmoontlik nie," meen hy.

Prof Rantooa is in 1969 in Fauresmith in die Vrystaat gebore waar hy as jong seun skape opgepas het. "Die Here het my geleer dat jy in die bediening met skape werk. Psalm 23 leer ons dat die Here my Herder is en hy my sal lei. Johannes 10 leer weer dat 'n goeie herder voor

loop en dat sy skape hom volg. Maar vandag moet jy die skape maar bietjie stoot en druk, want elkeen wil in sy eie rigting gaan."

Nadat hy in 1988 in Thaba Nchu gematrikuleer het, was hy 'n sekuriteitswag en later 'n ontvangsklerk voor hy in 1991 teologie begin studeer het.

Prof Rantooa het sy studies by die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) begin en by die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voortgesit. Hy het sy PhD in Praktiese Teologie in 2002 voltooi en in 2010 die eerste swart viserektor van die GKSA se Skool vir Teologie geword.

Prof Rantooa neem die leisels oor by prof Mariëtte Lowes wat aan die einde van 2014 aftree. Hy is nou reeds aangestel om die gladde oordrag van verantwoordelikhede te verseker.



Prof Rantooa Letšosa sê ons moet hande vat sodat ons nie meer die verskil tussen wit en swart sien nie. "As God my wil gebruik om verandering te bring, dan is ek net die instrument in sy hand."

Foto: Mario van de Wall

Kunsskatte se klein begin lei tot groot gewin

Met net £6 in die jaarlikse begroting om kunswerke aan te koop in 1932 het die NWU se kunsversameling gegroei tot byna 1 000 werke vandag.

Die versameling, wat destyds deur die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys begin is, is onlangs meer toeganklik gemaak vir die publiek. Dit is gedoen deur 'n boek daarvoor te publiseer en van

die werke tydens 'n kunsuitstalling te vertoon. Die boek, *NWU Art Collection: Looking back while moving forward*, is op 15 Augustus 2013 tydens 'n uitstalling in die Botaniese Tuin en in die NWU-gallery op die Potchefstroomkampus bekend gestel.

Die naam van die boek dui op die kombinasie van ouer en nuwer kunswerke in die NWU se versameling. Van die ouer werke sluit in dié

van kunstenaars soos Pierneef, Maggie Laubser, Bettie Cilliers-Barnard en Jo Roos.

Moderne kunswerke in die versameling is dié van Pauline Gutter, Stompie Selibe, Barbara Wildenboer, Diane Victor, en Gordon Froud. Ook internasionale kunstenaars soos Paul Boulitreau, Christophe Miralles en Fabien Claude se skeppings is deel van die versameling.

Die boek waarin die versameling uitgebeeld word, bevat artikels van verskeie kunskenner, onder andere van NWU-personelede soos prof John Botha, dr Rita Swanepoel, mnr Richardt Strydom, me Moya Goosen, me Louisemarie Combrink en mnr Steven Bosch.

Behalwe dat die boek die kunsversameling meer toeganklik maak vir almal, hoop die universiteit ook om navorsingsgeleenthede daarmee te skep.

Prof Jaco Pienaar, die direkteur van die Workwell-navorsingseenheid op die Potchefstroomkampus, kyk na een van die werke in die NWU-kunsversameling.



Hoe groot was jou

Vrydag 6 September was weer Loslitdag. NWU-personeel het oudergewoonte geesdriftig deelgeneem ter ondersteuning van hierdie jaarlikse inisiatief van die Nasionale Raad vir Mense met Liggaamlike Gestremdhede in Suid-Afrika.

Hierdie jaar se tema was "Gaan groot" en die Institusionele Kantoor het die personeel van die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus uitgedaag om te sien wie die grootste kan gaan. Hier is van ons gunstelinge!

Baie dankie weereens vir almal se oorweldigende reaksie en deelname – besoek gerus die Institusionele Kantoor se Facebookbladsy – NWU Institutional Communications – om meer foto's van dié 'wat groot gegaan het', te sien.



◀ Dr Tumi Mzini van die Skool vir Basiese Wetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus wys dat daar altyd tyd vir werk en speel is – veral op 'n spesiale dag soos Loslitdag.



Me Salamina Tsupa en me Paulinah Moroke van die Vaaldriehoek-kampus-biblioteek gaan groot met pienk. ▶



▲ Bleeksiele bo! Die SGI-SA-span van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoek-kampus het die bleeksiele van die gewilde TV-reeks, The Big Bang Theory, nageboots. Van links is mnr Martin Booth, mnr March Pretorius, me Diane-Lee Suku, mnr Pieter de Villiers en mnr Malan den Heijer.



Kyk net met hoeveel geesdrif het die Mafikengkampus Loslitdag gevier! Personeel en studente het behoorlik die kampus opgehelder met hulle 'groot'-uitrustings.



groot?

Die personeel van die Dekanskantoor: Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus doen die Loslitdag-ding met styl. Van links is mnr Corné de Wee, me Lize dos Santos, me Jana Jacobs, me Dalena van Heerden en me Audrey Jacobs. ▼



◀ Die Eenheid vir Studente met Gestremdhede op die Potchefstroomkampus het Loslitdag behoorlik met 'n Pret-in-die-son-gebeurtenis gevier. Hier is prof Nic Kotze van Studentevoorligtingsdiens en me Blanch Carolus van die eenheid.



▲ Mnr Greg Roberts van Studentegelde en Debiteure en me Marelize de Lange van Finansies, beide personeellede van die Potchefstroomkampus, is soos altyd gereed vir 'n bietjie pret.

'n Bielie van 'n mielie! Mnr Rudi van der Merwe van Gemeenskapsverbintenis in die Institusionele Kantoor gooi mielies vir Loslitdag. ▼



▲ Mnr Karl van der Merwe (links) en mnr Jéan Raath van Inligtingstegnologie-Sentraal in die Institusionele Kantoor wys hulle staal in sumo-pakke.



▲ Die tolke van die Institusionele Taaldirektoraat wys dat hulle harte op die regte plek is. Van links is me Charitty Tabane, mnr Basil Rabie, me Maria Arangies, mnr Byron Green en me Claire Vorster.

Prof Rikus sê hy weet hoe

In ons voortgaande reeks oor NWU-dekane het Eish! by prof Rikus Fick, Dekaan: Studentesake op die Potchefstroomkampus, gaan kuier en gesels oor dié teoloog se omgee vir studente, sy drome vir die kampus en sy liefde vir kuns.

Prof Rikus is 'n voormalige predikant wat in gewone taal praat – 'n taal wat studente verstaan.

Ja, dis uit die staanspoor duidelik dat dié voormalige direkteur van die Skool vir Bybelwetenskappe en Antieke Tale by die Fakulteit Teologie studente begryp en hul belange op die hart dra.

“Studente moet hul akademiese kwalifikasies kry en terselfdertyd die tyd op die kampus geniet. Hulle moet gebalanseerd wees op akademiese sowel as sosiale gebied.”

Dit som prof Rikus se doelwit presies op: om te verseker dat studente eendag hul dae op kampus sal onthou as een van die kosbaarste en mees betekenisvolle tye in hul lewe.

BEDIENING BRING DIEPER BEGRIP

Hy vertel dat sy omgee vir jongmense reeds in sy dae as onderwyser by Potchefstroom Gimnasium dieper grondslag gekry het. Dit is egter in die bediening, waarin hy vir 18 jaar gestaan het, waar hy werklik geleer het hoe jongmense se koppe werk.

“Ek het nooit van hulpkragte by kategese gebruik gemaak nie, dit was vir my belangrik

om self met die jongmense, van voorskool tot matriek, te werk. Dit is asof ek hulle reeds ken wanneer hulle, veral tydens hul eerste jaar ná matriek, by my kom aanklop.”

Volgens Prof Rikus gryp mense se nood hom vinnig aan. Hy sê die belangrikheid van 'n goeie ondersteuningsbasis kan nooit oorskat word nie.

“So gou as wat iemand 'n probleem het, moet dit aangespreek en opgelos word. Dit is veral studente wat alleen raak, wat die kwesbaarste is.”

Dit is vir prof Rikus belangrik om toe te sien dat die mense vir wie hy verantwoordelik is, gelukkig is. Hy sê hoewel hy aan die een kant van struktuur hou, hy aan die ander kant nie rigied is nie. Dit is hoekom studente weet sy deur staan altyd vir hulle oop.

WAT IS VIR STUDENTE BELANGRIK?

Prof Rikus sê die een ding wat vir alle studente belangrik is, is groepsgees. “Dis hoekom koshuisstudente so lojaal teenoor hulle koshuise is. Sommige is selfs meer lojaal teenoor hul koshuise as teenoor die universiteit!” vertel hy.

Hy meen die hartklop van die Potchefstroomkampus is dat studente die geleentheid kry om deel te wees van 'n dinamiese, lewendige studentelewe wat grootliks rondom die koshuise sentreer.

Hy sê dit is veral 'n uitdaging om te weet hoe studente dink. Hedendaagse studente gebruik tegnologie en sosiale media om hul gedagtes uit te druk. Dit is vir hulle belangrik om heeltyd uiting te gee aan hul gevoelens en denke.

Prof Rikus Fick sê kuns gee mens die geleentheid om jou visie te verbreed. Dit is waarom hy landskappe skilder soos dié kunswerk van hom.



studente se koppe werk



Die Fick-gesin is van links me Anna Fick, seun Jaco, skoondogter Liné, en prof Rikus.

“Studente is produkte van bepaalde omgewings wat natuurlik huislike omstandighede insluit. Sommige kom hier aan met baie emosionele seer en wanneer mens verstaan waar iemand vandaan kom, kan jy ‘n beduidende rol speel in waarheen hulle op pad is.”

Prof Rikus sê deur op die belangrikheid van waardes klem te lê, verstaan studente ook hul rolle in die samelewing beter en raak hulle meer doelgerig om sukses te bereik.

KUNDIGHEID ONDERSTEUN STUDENTE

Hy is baie trots op die kundige personeel wat in alle aspekte van ondersteuningsdienste bydra tot studente se welstand.

“Die Gesondheidsentrum, die Eenheid vir Studente met Gestremdhede, Studente-voorgelingsdiens, Beskermingsdienste, Akademiese Administrasie en Akademiese Steundienste sowel as die vele ander ondersteuningsdienste het kundige, hoogs professionele personeel wat studente bystaan om hul volle potensiaal te bereik.”

Hy breek ook ‘n lansie vir koshuisouers wat met deernis en toewyding ‘n baie ondankbare maar kosbare werk doen.

“Bedrywighede by NWU-Puk-Kunste en NWU-Puk-Sport bied vir ons studente enorme geleenthede om hul talente uit te leef. Koshuis-

sport, koshuis-sêr en die talentfees is gewilde items op die jaarlikse kalender wat groot dividende lewer. Dit is ook ‘n belangrike en effektiewe dryfveer vir transformasie.”

DROME VAN MEER KOSHUISE

Prof Rikus sê sy groot droom vir die Potchefstroomkampus is dat daar genoeg koshuise sal wees om almal te akkommodeer. “Daar is ‘n definitiewe behoefte aan meer koshuise sodat almal wat die koshuislewe wil ervaar, dit kan doen.”

“Ons fasiliteite is uitstekend, maar ek sal graag wil sien dat ons hier fasiliteite vir kultuur en sport sal hê wat sal kan vergelyk met die bestes in die wêreld. Ek voel daar moet meer geleenthede vir studente wees om kreatief te wees.”

MEER AS ONDERSTEUNER, KUNSTENAAR OOK

Prof Rikus is baie lief vir kuns en skilder self.

“Die meeste mense kyk letterlik nooit op nie. Ek sien elke dag as ek by my venster uitkyk hoe mense met geboë hoofde op die grond kyk wanneer hulle verbyloop.”

Prof Rikus sê dit is waarom hy lief is daarvoor om landskappe te skilder.

“Ek glo dat wanneer mense na skilderye kyk, dit hulle aanspoor om verder te kyk as dit wat

Interessantheide oor prof Rikus:

My gunstelingdis: Kerrie, braaivleis en kaaskoek.

My gunsteling-buitelugaktiwiteite: Visvang en jag.

My gunstelingboek: Ek hou veral van biografieë oor staatsmanne en komponiste.

My gunstelingmusiek: Ek speel viool en is lief vir klassieke musiek.

My gunstelingtroeteldier: Grex, my skaaphond. Dit kom van die Latyn wat ‘kudde’ beteken.

My gunstelingvakansie: By die see.

Dit wil ek nog eendag doen: Ek sal graag ‘n uitgebreide toer deur Namibië wil onderneem.

Die lede van my gesin: Ek is getroud met Anna en ons het een seun, Jaco, wat sy meestersgraad in Omgewingsbestuur by die NWU verwerf het en tans vir Anglo American werk. Jaco is met Liné getroud.

My jongdae: Ek het op ‘n plaas naby Brits grootgeword. My familie was bees- en saaiboere.

voor-die-hand-liggend is. Dit verbreed jou visie en laat jou onthou dat ons mense is wat hoop het.

“Ek hou daarvan om Suid-Afrikaanse landskappe te skilder sodat mense kan opkyk en besef hoe mooi ons natuurlandskappe is.”

Dit lyk of prof Rikus nie net die skilderkuns be- meester het nie, maar ook die kuns van mens- wees. Daarvan getuig sy diep begrip en deernis vir studente.

Prof Nicolene is ons ontluikende ster

Prof Nicolene Barkhuizen, 'n programbestuurder by die Departement Bedryfsielkunde, was een van die vyf finaliste in die openbare- en privaatdienste-kategorie van DHL se Rising Star-toekennings.

Altesaam 49 finaliste in 11 sakesektore is aangekondig, en die eindronde van die kompetisie het op 15 Augustus by Monte Casino in Johannesburg plaasgevind.

Hoewel prof Nicolene nie op die ou end die toekenning ingepalm het nie, reken sy dat die bereiking van die eindronde 'n mylpaal is. "Om bloot onder die finaliste te wees, is reeds vir my 'n wen," sê sy.

Volgens me Suzy Boucher, uitvoerende bestuurder van HCI Afrika en adviseur en vennoot vir die 2013 DHL Rising Star-toekennings, was dit uiters bemoedigend om inskrywings van talle jong, talentvolle individue uit verskillende sektore te ontvang.

Die oorkoepelende doel van die Rising Star-toekennings is om inspirerende en opwindende jong leiers van die toekoms te identifiseer en te erken. Deelnemers is aan die hand van verskillende eienskappe soos betrokkenheid, volgehoue prestasie en leer en kapasiteitsbou beoordeel.



Prof Mashudu Davhana-Maselesele, Viserektor: Onderrig-Leer en Navorsing (links), en prof Nicolene Barkhuizen toon trots die toekenning wat sy as finalis ontvang het.

Vroue bederf as deel van Vrouemaand

"Agter elke suksesvolle man is daar 'n vrou ... agter elke suksesvolle vrou is daar 'n bitter man."

Prof Mashudu Davhana-Maselesele, Viserektor: Onderrig-Leer en Navorsing, het hierdie grappie gedeel toe sy tydens die onlangse Vrouemaandvierings die vroulike personelede toegesprek het.

Tydens die spesiale middagete het die vroue se manlike kollegas hulle bederf toe hulle met voorskote aan al die take hanteer het – van plekaanwysing tot die bedien van die maaltyd.

Me Susan van Rooyen, alumnikoördineerder van *Bemaking en Kommunikasie*, en me Felly Motsamai van die *Akademiese Ontwikkelingsentrum* is spoggerig uitgevat vir die Vrouemaand-middagete.



Kampus reik uit na plaaslike boeregemeenskap

Die Sentrum vir Dieregesondheidstudies is tans besig met 'n gemeenskapsuitreikingsprogram om opkomende veeboere te bemagtig.

Hierdie program reik uit na opkomende boere in 'n 30 km-radius om die kampus, 'n halfwoestynggebied met veeboerdery as die belangrikste landbou-aktiwiteit.

Die belangrikste doelstellings van die program is om boere te bemagtig deur hul kennis oor veeteelt en diersorg te verbeter, en 'n geneepool vir vee te vestig waartoe boere toegang het. Boere word ook opgelei in die bestuur van

kuddegesondheid wat inenting, inwendige en uitwendige parasietbeheer, teling en primêre dieregesondheidsorg insluit.

Finalejaarstudente in Dieregesondheid is aktief by die gemeenskapsontwikkelingsprojek betrokke, wat aan hulle probleemgebaseerde opleiding en praktiese ervaring verskaf.

Die sentrum besoek, in samewerking met die Noordwes Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling, boeregemeenskappe op 'n weeklikse basis.

Die projek het vir 'n tydperk van drie jaar (tot en met 2015) deur Santam 'n borgskap van die Emthunzini Trust ontvang.





Teenwoordig by die viering van vroue in leierskap in onderwys is van links prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-Leer, dr Semane Molotlegi, me Sandra Yssel, Noordwes Departement van Onderwys en Opleiding: Kenneth Kaunda-distrik, prof Robert Balfour en prof Marlene Verhoef, bestuursadviseur in die kantoor van die visekanselier.

Vier Vrouedag met koninklike flair

Die teenwoordigheid van dr Semane Molotlegi, koninginmoeder van die Koninklike Bafokeng, het Vrouedag selfs meer spesiaal gemaak vir vroulike kollegas wat die Fakulteit Opvoedingswetenskappe se viering van vroue in leierskap in onderwys op 8 Augustus 2013 bygewoon het.

In sy openingsrede het prof Robert Balfour, dekaan van die fakulteit, gepraat oor die belangrike rol wat vroue gespeel het om verandering in Suid-Afrika teweeg te bring. Hy het verwys na die historiese 1956-opmars van 20 000 vroue na die Uniegebou in Pretoria en

vroue geprys vir hul moed en vasberadenheid. Dr Molotlegi, moeder van Kgosi Leruo Molotlegi, die kanselier van die NWU, het gesê dat moeders hul kinders se eerste onderwysers is. Sy het 'n beroep op hulle gedoen om hul kinders ook op te voed oor geslagskewesies.

“As moeders help ons op allerlei maniere om vorm te gee aan ons kinders se karakters en denke. Ons benadering tot die onderrig van samelewingswaardes behoort geslagspesifiek te wees. Dit is hoog tyd dat ons deur ons onderrig dit by ons kinders inskerp dat mans en vroue gelyk is.”

Interkulturele kommunikasie kry 'n Suid-Afrikaanse geur

Aangesien voorgeskrewe handboeke oor interkulturele kommunikasie tipies deur Amerikaanse, Indiese of Australiese outeurs geskryf word, het twee akademici van die Skool vir Kommunikasiestudies besluit om 'n Suid-Afrikaanse weergawe saam te stel.

Prof Paul Schutte, direkteur van die skool, en mnr GP van Rheede van Oudtshoorn het pas die Suid-Afrikaanse uitgawe van *Experiencing Intercultural Communication* die lig laat sien. Dit spog met voorbeelde, toepassings en aan-

bevelings wat tot beide die Suid-Afrikaanse en die internasionale konteks spreek.

“Studente kan nou baie makliker aanklank vind deurdat hul onmiddellike leefwêreld aandag geniet. Ons beskou dit as 'n besondere bydrae tot die studie van interkulturele kommunikasie in Suid-Afrika,” sê GP.

Volgens prof Paul was dit moeilik om 'n balans te vind tussen die behoud van 'n internasionale perspektief en die plaaslike kontekstualisering. “Ons kon wel daarin slaag om onder meer identiteit, verbale en nie-verbale kommunikasie en ook interkulturele waarde-oriëntasies 'n Suid-Afrikaanse geur te gee. Kommunikasie vir sosiale verandering geniet ook aandag – iets wat nog nie op voorgaande vlak in 'n voorgeskrewe boek gedoen is nie.”

Prof Paul Schutte (links) en mnr GP van Rheede van Oudtshoorn het pas hul nuwe boek wat interkulturele kommunikasie in die Suid-Afrikaanse konteks aanspreek, die lig laat sien.



Navorsing fokus op grootouers



Die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies in Wellington het insiggewende navorsing bekendgemaak oor die ervaring van grootouers wat as die primêre versorgers van hul kleinkinders optree.

Hierdie verskynsel is wêreldwyd aan die toeneem en in Suid-Afrika is daar nog geen navorsing gedoen oor wit grootouers wat in voorstedelike gemeenskappe die primêre versorgers van hul kleinkinders is nie.

Me Susan Brink, 'n meestersgraadstudent onder leiding van me Issie Jacobs, 'n lektor, het bevind dat sosiale en struktuurveranderinge van families grootouers noop om toenemend die verantwoordelikheid van die versorging van hulle kleinkinders oor te neem.

Redes hiervoor kan die dood van die ouers, egskeiding, onbekwaamheid weens kroniese siektes, dwelm- en drankmisbruik of tienerswangerskappe wees.

Die vernaamste bevinding was dat grootouers konflik ervaar tussen die situasie waarin hulle hulself bevind en die tradisionele rol wat van hulle as grootouers verwag word. Dit lei dan weer tot die besef dat die plaasvervangende ouerrol nou vervul moet word.

Hierdie ouerrol stel hoë eise aan grootouers – dit beïnvloed hul interpersoonlike verhoudings en het 'n impak op hul finansies. Grootouers sukkel ook met dissipline en het 'n behoefte aan ouerleiding en die hulp van professionele persone om hulle toe te rus en te ondersteun.

Duitsers kan ons leer oor werkloosheid

Werkloosheid onder die jeug is een van Suid-Afrika se grootste uitdagings.

Ten spyte van inisiatiewe soos sektor- en verdere onderrig- en opleidingskolleges en arbeidsentrums, slaag die land steeds nie daarin om die werkloosheidsprobleem effektief aan te spreek nie.

Die Konrad Adenauer Stigting het onlangs verteenwoordigers van al hul sosiale vennote uitgenooi om 'n studietoer in Duitsland te onderneem om meer te leer van die intervensies wat daar gebruik word om werkloosheid onder die jeug te voorkom en te bestry.

Onder die genooies was mnr Krister Janse van Rensburg, 'n meestersgraadstudent in die navorsingsfokusarea Optentia in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Volgens hom kan ons baie by die Duitsers leer. Hulle het 'n baie effektiewe stelsel geskep om jong werkloos wat nie skool klaargemaak het nie, gestremdes en dié wat nie universiteitsopleiding kan bekostig nie, in die werksmag op te neem.

Die Duitse regering pas ook verskeie strategieë toe om werkloosheid in die algemeen te hanteer. Dit sluit verskeie dienste in, van bystand aan werksoekers tot opleiding- en heropleidingsprogramme. Hierdie ondersteuning, tesame met die regering se maatskaplike toelae, skep 'n beproefde 'veiligheidsnet' vir diegene wat die pad byster geraak het.

Volgens Krister lei Duitsland deur die voorbeeld te stel, veral ten opsigte van die manier waarop hulle beroepsopleiding en om met jou hande te werk aantreklik maak vir jongmense.

“Daar is geen manier vir al ons jeug om deur middel van universiteitsopleiding werk te kry nie, en ons arbeidsmark vereis eintlik veel meer ambagsmanne en tegnisi. Ons benodig 'n groter fokus op oplossings vir beroepsopleiding, sodat ons jongmense toerus met die vaardighede wat die ekonomie vereis,” voeg hy by.

'n Vrou is so standvastig soos 'n rots

Die kampus het onlangs Vrouedag gevier om vroue vir hulle rol in ons samelewing te bedank en te eer.

Met die hulp van kollegas van Studentevoorgligting en Ontwikkeling onder leierskap van dr Saneth Dreyer, het elke vroulike personeelid en student 'n klip met die boodskap “Jy is 'n rots” daarop, ontvang.

Dit is gedoen ter herdenking aan die nasionale opmars van vroue in 1956 om teen die paswette beswaar aan te teken. Gedurende hierdie opmars het vroue 'n proteslied gesing wat ter ere van die geleentheid gekomponeer is: *Wathint' Abafazi Wathint'imbokodo!* (Noudat julle die vroue aangeraak het, het julle 'n rots raakgeslaan).



Me Magdel van Rensburg (links) en me Kinga Siejek van Bemaking en Kommunikasie stem saam: vroue se innerlike krag is so sterk soos 'n rots.

Boek bied blik op Openbare Administrasie in Afrika

Akademici van die Skool vir Basiese Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe het 'n boek geskryf wat gereken word as 'n interdisiplinêre verwysingsbron vir Openbare Administrasie op die Afrika-kontinent.

Hierdie publikasie, *Public Administration in Africa: Performance and Challenges*, sluit bydraes van verskeie kundiges in en ondersoek die kompleksiteit van korporatiewebestuur vanuit 'n unieke Afrika-perspektief. Lande soos Suid-Afrika, die Kongo, Uganda, Nigerië,

Ghana, Mauritius en Botswana word aan die hand van verskeie aspekte soos kolonialisme, hervorming, armoede, ekonomie, desentralisasie, finansiering, media en politieke strukture ontleed.

Probleme soos armoede en die gebrek aan of ontkenning van hulpbronne – wat veral vir opkomende beleidsvormers in Afrika as struikelblokke dien – word in die boek ondersoek. Aspekte van effektiewe hervorming-strategieë word ook verder ontleed.

Die skrywers van die boek is van links prof Shikha Vyas-Doorgapersad, dr Lukamba-Muhiya Tshombe en prof Ernest Peparah Ababio.



NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.




“ Minder skryf lei daartoe dat mense, spesifiek kinders, nie meer hul eie woordeskat sien of hoor nie. Jy ervaar nie wat jy skryf nie en die brein sien dit nie, en weens selfoontaal word al hoe minder karakters gebruik om geld te bespaar – ten koste van korrekte taalgebruik en spelling. Daar bestaan ook ‘n band tussen skryf en persoonlikheid – as kinders nie meer skryf nie, gaan ‘n kind se ontwikkeling mank oor daardie brug-gie wat hy moet stap om homself te word. ”

Prof Elda de Waal, Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus
 ‘Menswees ly as kinders nie skryf nie’, Rapport, 3 Augustus 2013



“ Moenie ‘n professionele student wees nie! Professionele studente beweeg vir vier tot agt jaar in die universiteit rond en druiploot kursusse en modules. Hierdie tipe student aan instellings van hoër onderwys regoor die land ontnem ander jongmense wat graag wil studeer, van leergeleenthede. ”

Prof Thanyani Mariba, Rektor: Vaaldriehoekkampus
 ‘Professor: Handel jou studies in die voorgeskrewe tyd af’, Daily Sun (KZN), 8 Augustus 2013



“ Die onsekerheid oor hoe dit [sentralisering van nasionale studentefinansieringshulpskema (NSFAS)-aansoeke] vanjaar gaan werk, maak dit baie moeilik om ‘n student die versekering te gee dat hy/sy gehelp sal kan word. Die NWU verwelkom die samewerking met NSFAS, aangesien voornemende studente (se ouers) se finansiële status in die toekoms met die Departement van Binnelandse Sake en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nagegaan sal kan word, maar ons is tog bekommerd oor hoe laat alles gebeur. In die verlede het die (NWU se NSFAS)-aansoekproses reeds in Mei geopen en teen Oktober gesluit. Nou begin dit eers in September. ”

Mnr Danie Hefer, Finansiële Steundiens, Potchefstroomkampus
 ‘Beursskema: Studente gaan sukkel’, Rapport, 27 Julie 2013

“ Dit is baie kommerwekkend dat daar steeds soveel ongekwalfiseerde onderwysers is aangesien die gehalte van onderrig wat kinders kry, ‘n impak op elke vlak van hul ontwikkeling het. Daar is verskeie faktore wat ‘n rol speel in die verdere opleiding van onderwysers wat reeds aangestel is in ‘n skoolsisteem... Moontlike faktore sluit in of hulle gemoetiveerd is om hulself verder te kwalifiseer, of hulle ‘n volhoubare ondersteuningsnetwerk het en of daar gekwalfiseerde plaasvervangers by hul skole is wat vir hulle klasse kan instaan. ”

Me Hannelie du Preez, Skool vir Opvoedkunde Studies, Potchefstroomkampus
 ‘Twyfel oor beter prestasie in skole’, Volksblad, 13 Augustus 2013



“ Uit gesprekke met amptenare in Noordwes se onderwysdepartement blyk dit dat daar nog nie ‘n goed uitgewerkte plan vir die instelling van ‘n derde taal by skole is nie. Ek is van mening dat ‘n veeltalige leesprojek (soos die een wat die NWU-Taaldirektoraat met welslae by sewe skole in Noordwes instel), ‘n uitstekende model kan wees vir die invoering van Afrikatale. Ons probeer met die departement praat hieroor. ”

Mnr Johan Zerwick, Institusionele Taaldirektoraat en Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys, Potchefstroomkampus
 ‘NW-skole nie reg vir onderrig van derde taal’, Beeld, 16 Augustus 2013



En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:




Institusionele Kantoor:

Me Frieda Fiellis, senior administratiewe assistent, Tegnologie-oordrag en Innovasie-ondersteuning



Mafikengkampus:

Me Tlotlo Segotso, Thuthukafasiliteerder, Skool vir Rekeningkunde



Potchefstroomkampus:

Me Luché Cloete, administratiewe assistent, Bemaking en Kommunikasie



Vaaldriehoekkampus:

Me Nombulelo Khumalo, administratiewe assistent, Kantoor van die Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1. Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.
2. Wat is die naam van die NWU se gesondheids- en welstandsprogram nou?
3. Wat is die titel van mnr Ruan Spies se navorsing oor MIV?
4. Wie is die nuwe Viserektor: Onderrig-Leer op die Potchefstroomkampus?
5. Wat beteken prof Rikus Fick, Dekaan: Studentesake se hond Grex se naam in Afrikaans?
6. Wat is die drie academici van die Vaaldriehoekkampus wat 'n boek oor Openbare Administrasie in Afrika geskryf het?
- 7.
- 8.
- 9.
- 10.

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!



AS EK 'N Vlieg TEEN DIE MUUR KON WEES...

In ons nuwe artikelreeks vra Eish! in elke uitgawe aan personelede hoe hulle oor 'n spesifieke onderwerp voel. Hierdie keer wou ons weet – indien hulle 'n vlieg teen die muur kon wees – teen wie se muur hulle sou wou sit, en waarom.

Mnr Lester Mpolokeng, uitvoerende bestuurder in die kantoor van die rektor, Mafikengkampus: "As ek 'n vlieg was, sou ek teen die muur van die Visirektor: Onderrig-Leer en Navorsing, prof Mashudu Davhana-Maselesele, wou sit. Sy is 'n toegewyde werker wat altyd bedrywig is. Sy lei deur haar voorbeeld en is doelgerig. Ek dink ek sal baie kan leer deur net daar te sit en na haar te kyk."

Me Rika Huyser, senior laboratorium tegnikus, Biologiese Wetenskappe, Mafikengkampus: "Daar is 'n hele aantal mure waarteen ek sal wil sit. Maar daar is 'n paar mure waarteen ek nie sal wil sit nie, en dit sluit enige muur in ons huis in. "Met my man wat op 'n plaas grootgeword het en twee klein kindertjies het ons 'n hele verskeidenheid vlieëslaners. Van die tradisionele vlieëplak van leer in verskillende kleure tot die nuwe plastieksoort in verskillende vorms soos paddas, hande en honde. Nee, niemand moet 'n vlieg teen ons mure wil wees nie. Daar sal nie tyd wees om enigiets behalwe 'n harde WHA te hoor nie!"

Me Leona Cain, administratiewe assistent, Institusionele Bestuur en Sekretariaatdienste: "Ek sal graag teen die muur van die akteur, regisseur en draailboekskrywer Tyler Perry wil sit. Ek sal wil sien wat hom inspireer om draailboeke te skryf. Hy skryf oor gesinswaardes, die rolle van vaders, mans, moeders en vroue. Daar is altyd 'n goeie storie agter die storie. Ek hou van sy rolprente omdat 'n mens daaruit kan leer. Die les in miskien nie altyd vir jouself nie,

maar 'n mens kan dit aan jou kinders of ander geliefdes oordra."

Me Esmé Labuschagne, mensekapitaalpraktisyn, Institusionele Kantoor: "Ek is baie nuuskierig, daarom sal een vlieg teen die muur eenvoudig nie genoeg wees nie. Ek sal eerder 'n hele span vlieë uitstuur om my op die hoogte te hou van alles wat in die wêreld gebeur. Die eerste vlieg is op pad na prins William en hertogin Kate. Ek het altyd gewonder hoe dit met 'n koninklike baba in die kamer sal wees. Die ander vlieë moet nog verslag doen, so as jy 'n vlieg teen jou muur sien, is dit dalk net een van my baie informante."

Mnr Vincent Eastes, bestuurder in die kantoor van die rektor, Potchefstroomkampus: "As ek 'n vlieg was, sou ek graag teen die muur van voormalige president Paul Kruger se huis wou sit. Ek sou graag wou hoor waar die Krugermiljoene is wat hy na bewering aan die einde van die Tweede Vryheidsoorlog weggesteek het."

Me Kiewiet Scheppel, mediaskakelbeampte, Bemaking en Kommunikasie, Potchefstroomkampus: "Ek sou 'n vlieg teen die muur van die voormalige staatspresident, mnr Nelson Mandela, wou wees. Ek wil weet hoe dit regtig met sy gesondheid gaan. Daar is so baie teenstrydige verslae en ek wil graag weet wat die waarheid is. Maar by nader oorweging dink ek nie ek sou daarvan hou om 'n vlieg te wees nie. Iemand mag my dalk net verbrysel."

Mnr Jacob Simango, Direkteur: Studentesake, Vaaldriehoekskampus: "Ek sal in my noppies wees om teen die muur van die Openbare Beskermer, me Thuli Madonsela, te sit. Ek is beïndruk met die wyse waarop sy haar werk doen. Ons land, Afrika en die wêreld het meer mense soos sy nodig om orde te herstel en korrupsie uit te roei. Die morele verval wat ons in tersiêre instellings beleef sal net beheer word deur ingrypings soos dié wat sy bevorder.

"As studentesakepraktisyn en 'n persoon wat dissipline uitoefen, word ek deur haar geïnspireer. Ek gebruik elke dag in die uitvoer van my pligte haar benaderings en metodes om die studentelewe te bestuur."

Me Elbie Steyn, kampusregistrator, Vaaldriehoekskampus: "Ek sou graag teen die muur van mnr Neels Vermeulen, die direkteur van Akademiese Administrasie op die Vaaldriehoekskampus, wou sit. Ek dink ek sal dan die kampusgemeenskap in al sy verskeidenheid ervaar en stilletjies ook baie lag.

"Al die hartverskeurende stories en beloftes van studente wie se studies beëindig word sal my bes moontlik tot trane beweeg. Ek sal graag wil luister na die jong Einsteins wat nie toelating gekry het nie, en na hul ouers se leë beloftes van hoe hard hulle seuntjies of dogtertjies aan hulle studies sal werk indien hulle die geleentheid kry. Ek sal ook graag wil hoor waarom sommige lektore nie op 'n Maandag 08:00 of na 12:00 op 'n Vrydag wil klas gee nie."

Prof Shikha bestee 'n bietjie LovCaSh

In ons gereelde reeks artikels in Eish! fokus ons op die MENSE wat by die NWU werk. Hoewel die dinge wat ons daagliks as deel van ons werk doen belangrik is, is die *PERSOON* wat die take uitvoer soveel waardevoller. In hierdie aflewering besoek ons 'n filantroop wat 'n skitterende voorbeeld is van persoonlike wat nie net aan hulle werk toegewy is nie, maar ook omgee vir die mense in hul omliggende gemeenskappe.

Prof Shikha Vyas-Doorgapersad, 'n medeprofessor in Openbare Bestuur en Administrasie by die Skool vir Basiese Wetenskappe op die Vaaldriehoekskampus, se lewensleuse is: Genees die mens deur liefde, omgee en mededeelsaamheid.

Sy leef haar passie om die lewe vir almal beter te maak uit deur haar tuisgebaseerde gemeenskapsdiensprojek, Heal Humanity: A Love, Care and Share Initiative (LovCaSh).

“Die welstand van ons gemeenskap word oor die hoof gesien. Mense onder verskillende omstandighede het 'n dringende behoefte aan hulp van ander,” sê prof Shikha. “Die LovCaSh-inisiatief reik 'n helpende hand uit na wanhopige mense met die doel om basiese

noodsaaklikhede soos voedsel, gesondheid en geluk te verskaf.”

Sy sê die grondbeginsels van LovCaSh is om onvoorwaardelik lief te hê en om met welwillendheid vir ander om te gee. “Ons wil ons vreugde met minder bevoorregte lede van die samelewing deel.”

Prof Shikha en 'n ma en dogter, mee Elsa en Rika Kleynhans, is die stigterslede van LovCaSh. Hulle het die inisiatief in November 2012 begin. Hul doelwit is om deur LovCaSh hulpbehoewende gesinne te identifiseer.

Volgens haar bly dit een van die grootste uitdagings om borge te kry om met ondersteuningspogings te help. “Ons is dankbaar

teenoor een en elke individu en besigheid wat LovCaSh ondersteun.”

Prof Shikha sê sy is veral opgewonde oor 'n nuwe vennootskap met die dansskool, Dance Fusion in Alberton. Hulle hoop om deur hierdie vennootskap broodnodige fondse in te samel.

Hoewel LovCaSh in sy kinderskoene is, het dit reeds 'n paar welsynsprojekte onderneem. Tydens een van hul projekte is die harte van inwoners van die tehuis vir bejaardes, Tehuis Kowa Pienaar in Elspark, verbly. Almal, insluitend 62 gestremde en verswakke inwoners, het pakkies met toiletware, sagte lekkers, koekies en verskeie ander geskenke ontvang.

Prof Shikha is 'n dinamiese vrou wat nederig en sorgsaam gebly het – belangrike toevoegings tot 'n indrukwekkende akademiese loopbaan. Sy het 'n meestersgraad in Administrasie, 'n meestersgraad in Filosofie (MPhil) en 'n doktorsgraad in Filosofie (PhD) in Openbare Administrasie verwerf. Sy het haar loopbaan in Indië begin, maar in April 2001 na Suid-Afrika verhuis. Sy het in Januarie 2007 by die Vaaldriehoekskampus in diens getree.

Wanneer sy nie fondse insamel om blydskap en ondersteuning aan behoeftiges te bied, of toegewyd op die Vaaldriehoekskampus aan die werk is nie, is sy 'n liefdevolle eggenote vir haar man, Annish, en ma vir haar dogter, Apsara (9).

◀ Prof Shikha Vyas-Doorgapersad kuier saam met 'n klompie kinders gedurende LovCaSh se besoek aan die Masakane-dagsorgsentrum.

* As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by marelize.santana@nwu.ac.za.



Vat hande tot voordeel van provinsie

Die Memorandum van Verstandhouding wat op 20 Augustus 2013 tussen die NWU en die provinsiale regering van Noordwes onderteken is, sal die lewens van die inwoners van die provinsie verbeter en verryk.

Dié ooreenkoms, wat tydens 'n seremonie in Mafikeng onderteken is, vorm die grondslag vir samewerking in uiteenlopende belangstelligingsareas. Dit behels die deel van kundigheid en sal kapasiteit bou op gebiede soos navorsing, ontwikkeling, sosio-ekonomiese beplanning, armoedeverligting en landbou-ontwikkeling.


Volgens dr Theuns Eloff, die visekanselier, is die ooreenkoms belyn met die nasionale ontwikkelingsplan. "Dit ondersteun ook ons institutionele driejaarplan en sal ook die ontwikkeling van die onderskeie kampusse bevorder."



Deur saam te werk kan ons meer doen... Dr Theuns Eloff, die visekanselier, en premier Thandi Modise het onlangs 'n Memorandum van Verstandhouding onderteken wat tot voordeel van die mense in die provinsie strek en vir studente die geleentheid vir praktiese ondervinding bied.

Premier Thandi Modise het die ooreenkoms bestempel as "'n huwelik tussen die mense van Noordwes en akademiese kundigheid".

Sy glo die kundigheid van die NWU sal die regering in staat stel om "die ruimtes te bereik wat ons tot dusver nie kon nie".



Prof Rikus Fick, Dekaan: Studentesake op die Potchefstroomkampus sê in die 18 jaar wat hy in die bediening gestaan het, het hy geleer hoe studente se koppe werk. Lees gerus op p 10 en 11 meer oor dié voormalige dominee vir wie die welstand van studente ná aan die hart lê.

DIT BEGIN ALLES BY DIE NOORDWES- UNIVERSITEIT

Die Noordwes-Universiteit herdenk volgende jaar die eerste dekade van 'n suksesvolle samesmelting. Ons het in 2004 'n reusesprong die toekoms in gewaag sodat u 'n reusesprong in u s'n kan maak. Ons is vandag voortdurend op soek na nuwe maniere om die toekoms af te baken, omdat ons wil hê dat u net so trots sal wees om deel van die Noordwes-Universiteit te wees soos ons daarop is dat u een van ons personeellede is.